# IGNITE 6

## A passion for change 2019

## Hoor en doen!

### Inleiding (*welcome)*

**Waarom het julle spesifiek in die area waar julle nou is, gekoop of gehuur?** Wat is die sake waarna julle alles gekyk het toe julle huis gekoop of gehuur het?

**Is dit so dat ligging, ligging en ligging die 3 belangrikste sake is as jy huis soek? Motiveer jou antwoord.**

### Agtergrond (*word a)*

As Jesus sy bediening op aarde begin is dit met die woorde*:*

***"Bekeer julle want die koninkryk van God het naby gekom." – Matteus 4:17***

Of anders gestel:

***"Daar is 'n ander manier waarop jy kan leef wat in jou en die mense rondom jou***
***en die wêreld waarin jy leef 'n baie groter en dieper verskil gaan maak...***
***maar dit gaan van jou vra om van voor af te begin en heeltemal anders te dink en te leef."***

In die Bergpredikasie gee Jesus vir ons duidelike riglyne of beginsels waarop hierdie nuwe koninkryk gebou is. Ons ken dit. Ons lees dit baie gereeld maar ongelukkig leef ons dit nie altyd nie en juis daarom is vir ons die uitdaging om hiervolgens te begin leef. Hoor en doen.

### Skriflesing: Lees Matteus 7:21-29 (*word b)*

- Jesus praat hier ook oor ligging as dit kom by huis-bou. Som kortliks vir mekaar op wat Jesus in hierdie gekykenis vertel.
    - **Waarom dink julle is dit beter om op klip te bou en nie goed om op sand te bou nie?**
- Wat dink julle is die **fondament** waarvan Jesus hier praat?
    - Hoe kan **vers 21** vir ons hiermee help?
    - Wat dink julle is hierdie **hoor en doen** en hoe vorm dit ons fondament?

(*Julle moet kan uitkom by die punt dat die fondament is om aan Jesus se opdragte gehoorsaam te wees*)

- In Palestina **kon jy net in die somer huis bou**. Dan is dit **droog en warm** en die klei waarmee gebou word kry kans om gou hard te word. Maar die nadeel van somer bouwerk is dat dit **baie warm** is, mense gou gaan moeg word en die **werk is baie tough** – om gate te grawe in die somer in die Midde Ooste kon nie maklik gewees het nie. 'n Tweede saak wat belangrik is om raak te sien, is dat daar oral klip was en **die idee was om op klip jou fondament te bou**, maar dit vra nog harder werk, want jy moes grawe tot jy by die klip kom. **Wat beteken dit vir die effort wat ons bereid moet wees om in te sit vir ons geloof?**

- **Om op sand te bou** is om nie kans te sien vir hierdie harde opoffering en werk nie – dit is om die **easy way out** te soek. **Hoe doen ons dit in ons geloof?** Hoe soek ons kort paaie en maklike antwoorde. Watter versekering kry ons daaroor in **v 26 en 27?**

- Jesus is baie ernstig daaroor dat **daar 'n storm oppad is** wat jou fondamente gaan toets. Watter storms is daar op die oomblik in jou lewe? **Watter waarborg wil hierdie gedeelte vir ons kom gee – kyk weer na v 24 en 25.**

- **As jou fondament reg is – as jy erns maak daarmee om te hoor EN te doen wat Jesus ons leer – kan die storm maar kom. Dit gaan wild wees, maar jy gaan OK wees! Want jou fondament is reg!**

## Ons uitdaging is: (*works*)

Ons ken hierdie gedeelte baie goed en ons sukkel om eg en eerlik te wees.

i. Wat het jy nodig om jou te help om te doen en nie net te praat of te lees of te weet nie?

ii. Wees eerlik oor waarmee jy die meeste sukkel – wat vir jou die moeilikste is.

iii. Watter belofte uit hierdie gedeelte gaan jy hierdie week aan vashou?

## Ons bid vir: (*worship)*

1. Noem een saak uit hierdie gedeelte wat jy geleer het en wat jou die meeste challenge en vra die groep om vir jou daarvoor te bid.

2. Dank die Here vir sy voorbeeld en die uitdaging wat dit vir ons inhou, asook vir sy belofte dat Hy vir ons sal sorg..

3. Bid hardop die Onse Vader as groep saam (Dalk kan julle sommer die kinders se gebare gebruik om julle daarmee te help.)